# Neem kennis van uitgestelde belastingboete na onttrekking uit ‘n aftreefonds

Lede van aftreefondse moet kennis neem van die belastingboete wat op hulle wag by aftrede uit ‘n aftreefonds indien hulle op ‘n bedrag as ’n **aftreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordeel** voor hul aftrede belas is. Die volgende bedrae word as **aftreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele** gedefinieer:

- ’n bedrag toegewys as pensioenbelang kragtens ’n egskeidingsbevel wat op of ná 13 September 2007 toegestaan is en op of ná 1 Maart 2012 aan die voormalige nie-lidgade van ’n fondslid verskuldig en betaalbaar is en in kontant betaal is aan so ‘n nie-lidgade;
- ’n bedrag wat oorgedra word van ’n fonds waarvan die persoon ’n lid is na ’n ander fonds tot voordeel van daardie lid indien die lid nie kwalifiseer vir ‘n aftrekking ten opsigte van die bedrag wat oorgedra word nie (bv. oordragte van ’n pensioenfonds na ’n voorsorgfonds);
- ’n bedrag ontvang deur ’n lid na aanleiding van sy/haar onttrekking uit ’n fonds voor aftrede (insluitend ’n gedeeltelike onttrekking waar dit moontlik is).

**Die volgende voorbeeld illustreer die belastingboete**

’n Geskeide vrou het op 10 Junie 2014 R600 000 as pensioenbelang uit die pensioenfonds van haar gewese man ontvang. Sy het gekies dat die geld uit die fonds na haar bankrekening oorgedra word. Sy het nie voorheen enige belasbare enkelbedrag uit ’n aftreefonds ontvang nie. Belasting op die R600 000 is bereken volgens die tabel van toepassing op **aftreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele** hieronder:

**(Tabel effektief vanaf 1 Maart 2014)**

| Belasbare inkomste uit enkelbedragvoordele (R) | Belastingkoers (R) |
|---:|---:|
| 0 – 25 000 | 0% van belasbare inkomste |
| 25 001 – 660 000 | 18% van belasbare inkomste bo 25 000 |
| 660 001 – 990 000 | 114 300 + 27% van belasbare inkomste bo 660 000 |
| Meer as 990 001 | 203 400 + 36% van belasbare inkomste bo 990 000 |

Die belasting betaalbaar was dus R103 500.

Toe sy op 30 September 2015 aftree, het sy R1 000 000 van haar pensioenfondsvoordele gekommuteer. Die belasting daarop is soos volg bereken:

| | |
|---|---:|
| Pensioenenkelbedrag | R1 000 000 |
| Plus: Pensioenbelang ontvang in 2014 | R 600 000 |
| | R1 600 000 |

Die belasting op die gesamentlike bedrag is bereken volgens die huidige tabel van toepassing op **aftreefonds-enkelbedragvoordele** hieronder:

**(Tabel effektief vanaf 1 Maart 2014)**

| Belasbare inkomste uit enkelbedragvoordele (R) | Belastingkoers (R) |
|---:|---:|
| 0 – 500 000 | 0% van belasbare inkomste |
| 500 001 – 700 000 | 18% van belasbare inkomste bo 500 000 |
| 700 001 – 1 050 000 | 36 000 + 27% van belasbare inkomste bo 700 000 |
| Meer as 1 050 001 | 130 500 + 36% van belasbare inkomste bo 1 050 000 |

| | |
|---|---|
| Die belasting op die gesamentlike bedrag is | R328 500 |
| Minus: belasting op R600 000 volgens die **aftreefonds-enkelbedrag-voordele** tabel | R 18 000 |
| Belasting op R1 000 000 | R310 500 |

Totale belasting betaalbaar vir die twee betalings is dus R414 000 (R103 500 + R310 500).

Let wel, dit is nie die werklike belasting betaal op die R600 000 (dus R103 500) wat afgetrek word van die gesamentlike bedrag, maar ’n kleiner bedrag (R18 000), wat selfs nul kon wees indien die bedrag wat volgens die enkelbedrag-onttrekkingstabel belas is, R500 000 of minder was.

Indien sy die pensioenbelang van R600 000 na haar pensioenfonds oorgedra het, sou geen belasting op die oordrag betaalbaar wees nie. Indien sy dan by aftrede die R600 000 bykomend tot die R1 000 000 onttrek het, sou die belasting op R1 600 000 R328 500 wees, welke R85 500 minder is as wat sy nou in totaal op die twee bedrae betaal.[1]

Dieselfde probleem kom voor wanneer ’n persoon ’n onttrekkingsvoordeel uit byvoorbeeld ’n bewaringsfonds neem waarvan hy ’n lid is en gevolglik aftree. Hierdie metode van belastinghersiening op ’n onttrekkingsvoordeel uit ’n fonds is deur die wetgewer ingestel om onttrekking van aftreevoordele voor aftrede te ontmoedig.

[1]**Let wel:** Om die voorbeeld eenvoudig te hou is kommissie en administrasiefooie op die oordrag van die R600 000 geïgnoreer.

**2106/AVD/MJ/LS-2013/77792**
**21 Julie 2016**